

Gasvryheids- bediening

Koffie/tee
na die
erediens,
in Kosmos.
Jy is genooi!

Dankie aan Elisma
Lotz en span.

BORG van die maand Berg-en- Seeklub vir Senior Burgers



Navrae:

Naas du Preez

ndupreez022@telkomsa.net

Gebedsonderwerpe

- Al die matrieks wat hierdie week begin eksamen skryf het. Bid vir kalmte en toewyding en die vermoë om te konsentreer.
- Die voorbereidings vir die Kersmark. Bid dat daar goeie samewerking sal wees onder mekaar, en ook van die kant van die uitstallers. Bid dat die reëlins vlot sal verloop.
- Die gemeentedinkskrum Saterdag. Bid vir goeie bywoning, en dat dit wat bespreek en besluit word in lyn sal wees met God se plan vir ons gemeente.
- Bid vir Christene in Suidoos-Asië wat dikwels vervolg word. Bid dat die Gees hulle sal versterk met moed om te volhard en dat hulle vir hulle omgewing lig sal wees.

hannetjeigericke@gmail.com

OKT se deurkollektas

04 Okt: Helderberg Hospitaal - R785
11 Okt: Projekte 2026 – R1 305
18 Okt: Paarl Skool Neuraal Gestremdes
25 Okt: Sinode: Instituut vir Dowes

Bybelstudie Stormhaven

Don, 22 Okt
om 10:00.

DANKOFFER BETALINGS:


1. Elektronies/internet bankdienste:

Rek naam: NGK Somerset Wes
Bank: ABSA
Tipe rek: Tjekrekening
Rek nr.: 2900 590 132
Takkode: 632 005
Verwysing: Dankoffer/Kollekte

2. Snapscan:




Snap here to pay



3. Kontantbetalings & koevertes:

Kontantbetalings by kerkkantoor.
Dank- en geloofferkoevertes kan ook
in die kerkkantoor se posbus geplaas word.
Dié posbus word 1x per week leeggemaak.

4. Debietordervorms: Op die webblad beskikbaar, of kontak die skriba
om 'n debietorder te reël by 021 - 852 1787 / ngsomerset@mweb.co.za.



DIE OMGEEGEMEENTE

NGK SOMERSET-WES

Sedert 1819

18 Oktober 2026

Getuienisfees 09:00

Goeiemôre, gemeente.

Vanoggend vier ons ons Getuienisfees. Daarom nooi ek julle uit om saam te kom **proe en sien dat die Here goed is**.

Ons skriflesing uit Markus 6:34-44 sluit mooi hierby aan. Dit vertel hoe Jesus die skare gevoed het deur die vermeerdering van die brood. Die mense kon eerstehands beleef hoe goed en sorgsaam die Here is.

Vanoggend vier ons ook die Nagmaal, waar ons op 'n besondere manier herinner word aan God se goedheid en genade in Jesus Christus.
Baie welkom aan elkeen by vanoggend se erediens, en 'n besondere woord van welkom aan al ons besoekers en almal wat by Helderberg Uitrek betrokke is.

Stroming

Die skakel sal ongeveer 'n halfuur voor die aanvang van die diens beskikbaar wees op die gemeente se webtuiste by <https://ngkerksomersetwes.co.za/>

Die alternatief is om na Youtube te gaan en in die soekbalkie "Omgeegemeente" of "NGK Somerset-Wes" te tik.

Bybelstudie Woensdae

Oggende: 2-weekliks

21/10: 10:00 in Patmos

Aande: weekliks

21/10: 18:00 in Patmos

Gebedsgroep Woensdae

21 Okt om 09:00

in die konferensiekamer.

Voorbidding

- Nico Kapp, longfibrose.
- Lientjie Smit, tuis na hospitalisasie.
- Ina Rheeder, operasie.
- Marietha du Toit, geval en enkel gebreek.
- Marcel Malan, ondersteunende versorging, Bridgewater.
- Willie vd Merwe, ondersteunende versorging.
- Francine v Zyl, behandeling.
- Jeanette Snyman, behandeling.
- Dawie Rossouw, behandeling.
- Tian Liebenberg, behandeling.
- Petro le Roux, broos.
- Gerda Oosthuizen, broos.



Geroepenes wat met deernis omgee, insluit, lééf!

Geroepenes wat met deernis omgee, insluit, lééf!

Manne Reisgesprek Vrydagoggende Volgende geleentheid: 23 Oktober

in die konferensiekamer

* Koffie 05:15 * Gesprek 05:30 *

A poster for church singing practice. The background shows rows of church pews. At the top, the word 'KERKKOOR' is written in large, white, serif capital letters. Below it, in smaller white capital letters, is 'VIR DIE KERSSANGDIENS'. In the center, a dark blue rounded rectangle contains the text 'NET 5 OEFENINGE' and 'Na die oggenddienste op:' followed by the dates '25 Oktober', '1 November', '8 November', '15 November', and '22 November'. At the bottom, an illustration shows four people (two women and two men) holding red songbooks and singing. Below the illustration, a dark blue rounded rectangle contains the text 'Kerssangdiens is op' and '22 November, 19:00' in white.

KERKKOOR
VIR DIE KERSSANGDIENS

NET 5 OEFENINGE
Na die oggenddienste op:
25 Oktober
1 November
8 November
15 November
22 November

Kerssangdiens is op
22 November, 19:00

Kersmarkvergadering

Dinsdag, 20 Oktober om 18:00 in Patmos
Alle belangstellendes word genooi!

Kategese: 18 Oktober 2026

Junior Kategese: Voorskool - Graad 6

Voorskool: Tydens die erediens in die ou moederskamer in die kerk.

Groei-goggas: Groen vir groei.

God antwoord altyd as ek bid



Op 'n manier is God se antwoord op ons gebed

soos 'n verkeerslig. As die lig groen is, beteken dit dat ons kan ry, want dit is nou veilig om oor die kruising te gaan. Die Here se **JA is soos 'n groen lig**. Wat beteken dit as die Here JA sê? Ons praat oor die "Ja" van die Here op ons gebed en hoe ons daarop moet reageer. Dit klink maklik, maar ons moet steeds gehoorsaam wees en "ry" want anders kan iemand in ons vasry van agter af.

As ek bid sê God somtyds vir my "Ja".

As ek bid sê Hy "Ja" omdat Hy my wil bewaar.

Maar ek weet God antwoord altyd my gebed.

1 Tessalonisense 5:17: "**Bid gedurig.**"

Kategeet: Rona van Zyl (082 339 1362)

Graad 1-6: Tydens die erediens in die kerkzaal.

My Blink ID: "Labels" Ek is 'n SMS!

In 2 Korintiërs 3:2 staan daar: "**Julle is ons brief, geskryf in ons harte, geles en verstaan deur alle mense.**" Paulus sê dat almal wat aan Jesus behoort, is 'n brief wat deur ander mense geles word. Jy is die boodskap soos wat iemand 'n WhatsApp lees, so word ons elke dag geles. Ons gaan Sondag ook praat oor hoe jy iemand anders kan help om ook 'n brief vir Jesus te wees.

2 Korintiërs 3:3 "**Julle is duidelik 'n brief van Christus wat deur ons diens opgestel is, geskryf, nie met ink nie, maar met die Gees van die lewende God; nie op kliptafels nie, maar op die tafels van menseharte.**"

Kategeet: Ds Werner Schultz (084 645 1173)

Senior kategese: Graad 7 – 12

Daar sal nie kategese wees vir die senior katkisanter nie. Hierdie katkisanter word genooi om na die erediens, Helderberg Uitreik se projekuitstalling in die kerkzaal by te woon.

Kategeet: Gideon Muller (083 236 9869)

Kategeet: Ds Willem Sauer (071 674 1675)

Des Gratia Kamerkoor

o.l.v. Gheta Grobler



Saterdag 31 Oktober - 19:00
Omgee Gemeente
Andries Pretorius Str 77
Somerset Wes
R80 by die deur

LIVE LIFE

**GIVE
RED**

Stay strong and donate blood

Donate blood

**Venue: DR Church Hall
Andries Pretorius street**

5,12,26 Oct 2026

Time: 14:00 - 19:00

BLOOD DONOR CRITERIA:
Be 16-75 years old. Weigh 50kg+. Be in good health.
Lead a sexually safe lifestyle.



Follow us on WhatsApp
www.wcbs.org.za

Western Cape Blood Service
Do something remarkable

2027

Kerkkalenders

Ons is tans besig met die voorbereiding van die 2027 kalender.

Die drukkoste van die kalenders was verlede jaar R11 500 en ons was gelukkig om, met die hulp van borge, elke jaar die volle koste te kon dek, sodat elke huisgesin in die gemeente 'n kalender gratis kon ontvang.

Ons het dit vanjaar goed gedink om gemeentelede (individue) en/of besighede te nooi om die kerkkantoor by 021 - 852 1787 te kontak indien jy bereid sou wees om 'n donasie te maak vir die druk van die kalenders vir 2027.

In ruil hiervoor bied ons die volgende blootstelling:

- 4 weke se blootstelling vir die spesifieke maand wat jy borg op ons gemeente se gedrukte afkondigingsblad, asook ons gemeente se whatsapp-groep.
- Blootstelling vir die hele jaar op ons gemeente se webtuiste en Facebookblad.



DIE OMGEEGEMEENTE

NGK SOMERSET-WES
Sedert 1819

VAKATURE: SKRIBA/KASSIER

Omgeegemeente benodig die dienste van 'n persoon met sterk administratiewe- en syfervaardighede om verantwoordelikheid te aanvaar vir die doeltreffende funksionering van die kantoor- en rekeningkundige administrasie, wat 'n goeie balans tussen taak- en mensgerigtheid kan handhaaf. Die ideale kandidaat speel 'n integrale rol in kommunikasie met gemeentelede en die publiek, daarom is goeie menseverhoudings, empatie en diensvaardigheid baie belangrik.

Vaardighede/vereistes:

- Sterk syfer- en taalvaardighede.
- Rekeningkundige kwalifikasie of agtergrond sal 'n aanwinst wees.
- Goeie interpersoonlike/menseverhoudings.
- Organisatoriese en tydsbestuursvaardighede.
- Rekenaarvaardigheid, spesifiek tov MS Office, Pastel en Winkerk, is noodsaaklik.
- Relevante werkserfaring/kennis rakende die kerk se werksaamhede in breë verband, sal as aanbeveling dien.
- Kandidaat moet 'n belydende lidmaat van die NGK wees en die missie en visie van die gemeente reflekteer.

Kern verantwoordelikhede:

Finansiële administrasie

- Ontvangs en kontrole van alle kontant en betalings.
- Tel en kontrolering van Sondagkollekte in samewerking met Geldtelspan.
- Hantering van alle uitbetalings, insluitende salarisse, lone, geloofsoffers (Helderberg Uitreik) en statutêre oorbetalings (SARS LBS & WVF, Vergoedingskommissaris ens.), asook deurkollektes.
- Boekstaving van alle finansiële transaksies.
- Hanteer en kontroleer kleinkas.
- Boekhouding (Pastel word tans gebruik)**
- Opstel van state tot by proefbalans.
- Opstel van bestuursinligting.
- Maandelikse inkomste- en uitgawestate.
- Kerklike en gemeentestatistiek.
- Voorbereiding vir jaarlikse ouditering.
- Opstel van begroting in samewerking met Finansiële Voorsitter.

Administratiewe pligte

- Ontvangs van besoekers en hantering van telefoniese en elektroniese navrae.
- Skakeling met Bestuursgroep, Kerkraad en Kommissies.
- Opstel van agendas en notules vir vergaderings.
- Byhou en uitbou van liasseerstelsel en kerklike registers.
- Byhou en opdatering van WINKERK (gemeente se databasis).
- Byhou van personeel se verlofregister.
- Lokaalbesprekings, asook reëlins rondom begrafnis en huwelike.
- Kerkkalender (kry borge, skakel met kommissies vir inligting en doen alles tot by vlak waar dit gedruk word en dan versprei moet word).
- Verantwoordelik vir weeklikse gedrukte afkondigings en verspreiding via sosiale media.

Vergoeding: Onderhandelbaar tydens onderhoud, met Sinodale skaal as riglyn.

Aansoek: Rig asseblief aansoek & CV per epos aan: Die Kerkraadvoorsitter, malandesignscc@gmail.com

Navrae: Leone Malan by 082 854 6013

Sluitingsdatum: 27 Oktober 2026 @ 12:00.

Diensaanvaarding: 1 Desember 2026.

Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoek wat ontvang is, te maak nie.

77 Andries Pretoriusstraat, Somerset-Wes, Wes-Kaap PBO Nr. 930 008 079
T / 021 852 1787 F / 086 626 4913 E / ngsomerset@omweb.co.za FB / dieomgeegemeente

www.ngksomersetwes.co.za



UITNODIGING

Dinkskrum 2026

Wandel in die Woord

Kom dink saam oor die toekoms van ons gemeente. Ons wil graag jou stem hoor oor hoe Die Omgeegemeente oor die volgende tien jaar kan groei.

Saterdag 24 Oktober 2026

09:00 – 13:00

Patmos

Almal welkom!

Verversings sal voorsien word.



Ons nooi **AL** ons gemeentede hartlik uit om die **Gemeente Dinkskrum** op **Saterdag 24 Oktober** in Patmos by te woon van **09:00 – 13:00**. Verversings sal voorsien word. Ons wil graag soveel as moontlik van ons gemeentede se insette kry. Dankie dat ons kan staatmaak op die **Bestuursgroep, Kerkraad, Voorsitters** van al ons **Gemeente-Aksies** en **Bedienings** met hulle **komiteede**, asook **Blokleiers** en **Omgeewerke** wat teenwoordig sal wees. Kom gesels lekker saam oor ons gemeente se toekoms.



DIE OMGEEGEMEENTE
NGK SOMERSET-WES

Kom geniet die gemeente

SPITBRAAI ETE

Sondag, 25 Oktober 2026

**Slegs
100 etes**

SPYSKAART

Spitgebraaide skaap
Aartappeltjies en uie
Twee groentes
Knoffelbrood, Griekse slaai
Nagereg

VOORAF BESPREKINGS NOODSAAKLIK

TEEN DINSDAG, 20 OKTOBER 2026.

Liesle - 021 852 1787 / Whatsapp 083 272 1745

R160
per persoon

Bring eie
drinkgoed en glase

BETALINGSMETODES:

EFT in die kerk se rekening:

NGK Somerset-Wes, ABSA tjekrekening, #2900 590 132
(Verwysing: Naam+spitbraai)

Kontant of kredietkaart by die kerkkantoor

L.W. Moet asb. nie net EFT-inbetalings maak sonder om te bespreek nie en aanneem dat jou betaling dien as bespreking nie. Jy moet ook bespreek.

Ten bate van die basaar



Kom proe en sien dat die Here goed is.

Liewe Omgeegemeentelid;

Ons nooi jou, jou gesin, jou vriende en wie jy ook al wil saamnooi om te kom proe en sien dat die Here goed is. Kom kuier saam by ons expo in die kerksaal na die erediens op Sondag, 18 Oktober 2026, waar 27 projekte, wat 'n wye spektrum van behoeftes hier en oorsee aanspreek, uitstal. Kom kyk hoe ons almal deel is en kan wees van God se hande en voete in die gemeenskap.

Kom ontmoet die mense agter die projekte, hoor wat hulle doen en sien waar daar plek vir jou is, as vrywilliger, gebedsmaat, donateur, of net 'n nuwe projek van jou eie. Het jy 'n hart vir iets wat nog nie 'n projek het nie? Registreer dit by Helderberg Uitreik. Jy bring die passie. Ons bring die regte struktuur en 'n span wat saam stap. Ons sien jou. Kom proe en sien wat God vir jou beplan het.

Ds Willem Sauer en Melanie Smit
(Helderberg Uitreik Bestuurder)



DIE OMGEEGEMEENTE
NGK SOMERSET-WES
Sedert 1819

Sing HOSANNA!



KERSSANGDIENS



VIVOX
VOICES

Omgeegemeente, Andries Pretoriusstraat 77, Somerset-Wes

22 November 2026, 19:00

